

. . . VAN DIE BESTE MAAK 'MAGIC' IN DIE SAND /3

FOUTE IN VRAESTEL SLAAN LEERLINGE UIT DIE VELD /2



WALLIESER 'BEROOF' DIE ALL BLACKS VAN 'N DRIEKUNS /20



LIZZ IS 'MET DIE MAAN GEPLA' /18

**Regter, aanklaer in Skielik-saak gedreig**
'n KLAG van intimidasie word ondersoek nadat die regter en aanklaer in die Skielik-verhoor dreigoproepe gekry het. /9

**Student kry trekpas**
'n STUDENT is geskors oor sy beweerde betrokkenheid by 'n rassistiese Facebook-groep. /7

**Spinnekop in ruimte**
SPINNEKOPPE kan glo selfs in die gewigloosheid van die ruimte 'n netjiese web spin. /9



**Basson veg terug**
DR. WOUTER BASSON se regspan gaan die tugondersoek teen hom probeer stuit. /7

**Vas ná groot diefstal**
'n SINDIKAAT is vasgetrek nadat R400 miljoen by staatsdepartemente gesteel is. /2

**Geen uitkomkans**
DUUR heinings is by hoërisikotronke opgerig om te keer dat gevaarlike boewe ontsnap. /3

WWW.VOLKSBLAD.COM
WWW.VOLKSBLAD.MOBI

AANWYSERS

# Flaminkkuikens broei uit



**WÊRELDGESKIEDENIS** word weer op Kamfersdam by Kimberley gemaak waar kleinflamink-kuikens nou op die kunsmatige broei-eiland hul opwagting maak. Terwyl hul ma's hulle meestal nog voed, begin hulle ook al self rondpik vir iets te ete.
FOTO'S: FLAMCAM

## *Wêreldgeskiedenis weer gemaak; bedreigde voëls blyk broei-eiland te aanvaar*

HANNATJIE VAN DER MERWE

KIMBERLEY. – Die bedreigde kleinflaminke van Kamfersdam by Kimberley maak weer wêreldgeskiedenis: Op die kunsmatige broei-eiland hier – die enigste in sy soort vir kleinflaminke in die wêreld – broei weer kuikens uit.

Die groen lig vir die omstrede Northgate-ontwikkeling hier is pas gegee, maar met 70 voorwaardes.

'n Kamera hier vang dié skattige kuikens op beeld vas.

'n Verklaring van die Red die Flaminke-vereniging sê dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat hier gebroei word. Voëlbewaarders is in ekstase hieroor.

Mnr. Mark Anderson, uitvoerende direkteur van BirdLife Suid-Afrika, sê die eerste kuiken is op 18 November gesien. Die kuikens word daagliks meer en is reeds meer as 100.

Die eerste eier is op 23 Oktober gelê. Op die eiland is nou reeds honderde, moontlik duisende, eiers.

Dié broeiery is ses weke vroeër as die eerste keer – moontlik 'n aanduiding van die flaminke se aanvaarding van dié broei-eiland.

Verlede somer is sowat 9 000 kuikens uitgebroei. Dit was in Januarie vanjaar wêreldnuus toe kleinflaminke sover bekend die eerste keer in Suid-Afrika gebroei het.

Die Suider-Afrikaanse kleinflaminke-bevolking is sowat 100 000. Die Kamfersdam-broeiery het verlede somer baie tot dié relatief klein bevolking bygedra.

*Volksblad* het onlangs berig die Noord-Kaapse departement van toerisme, omgewing en bewaring het die ontwikkeling naby dié eiland goedgekeur. Northern Cape Branches Cc., die eienaars van die pan waarop die flaminke broei, Wessa Noord-Kaap en die Red die Flaminke-veldtog saam met BirdLife Suid-Afrika het kennis gegee dat appèl hierteen aangeteken word.

Drie wetenskaplikes van dié departement is in Augustus geskors vanweë hul betrokkenheid by die Red die Flaminke-vereniging en omdat hulle glo hul kommer oor die bedreiging van dié flaminke uitgespreek het.

Mnr. Eric Hermann is terug by die werk, mnr. Mark Anderson beklee nou 'n nuwe pos en mnr. Julius Koen is nog geskors.

Bewaringskundiges wonder oor die redes vir dié skorsings, wat saamgeval het met die tyd toe die Northgate-ontwikkeling se omgewingsimpakstudie beoordeel moes word.

Nasionale en internasionale bewaringskundiges is bekommerd oor bedreigings hier: Dié ontwikkeling en die nabygeleë Homevale-rioolaanleg.

Die Red die Flaminke-vereniging gee aandag aan dié bedreigings (sien www.savetheflamingo.co.za).

Die verklaring sê Ekapa Mining het dié broei-eiland in September 2006 opgerig.

Lede van dié vereniging hou die flaminke deur 'n klein kamera dop.

Oudiogeriewe, infrarooiligte en die 24 uur-waarneming van die flaminke laat bewaarders toe om enige onwettige werksaamhede en die moontlike steuring van die broeiende flaminke vas te stel. Die kamera is ook nommerpas vir wetenskaplike navorsing: 'n Student van die Clemson-universiteit in Amerika doen in 2009 sy doktorale studie hier.

Ekapa Mining het 26 500 ton materiaal vir die konstruksie van dié S-vormige broei-eiland hierheen gebring. Dié eiland het sowat R500 000 gekos. Dit is met 'n laag klei bedek en het vier groot poele water.

Altesaam 1 000 kunsmatige neste is op die eiland gebou, maar die flaminke het hul eie 8 517 neste van die nat klei gebou.

Ekapa Mining het intussen 2 500 sandsakke om die eiland gepak en herstelwerk aan die poele gedoen.

Anderson sê mnr. Herbert en mev. Brenda Booth, grondeienaars hier, kyk goed na die flaminke.

Flaminke is baie sensitief en toegang tot die broei-eiland word streng beheer.

Dié projek word as een van die belangrikste internasionale voëlbewaringsprojekte in baie jare beskou.

## Heat-lesers sê Ryk is vuurwarm(ste!)

SANDRA MULDER

RYK NEETHLING is die warmste man ter wêreld. Dit is ook die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaner

opstel en waaruit die lesers kan kies nie. So, ons weet elkeen wat die lys haal, is werklik daar omdat sy of hy by ons lesers gewild is."



## Man na bewering doodgeskop

HANA ENGELBRECHT

KIMBERLEY. – 'n Man is na bewering hier in 'n bakleiery by 'n kroeg in Beaconsfield geslaan en geskop totdat hy

mans middelvinger gewys.

"Hulle het toe in 'n swart motor weggery. Hulle het hom probeer omry. Hulle het teruggekom en toe is almal weer terug in die kroeg.

Die man wat by die kroeg

VOLKSBLAD 25/11/08